DR. A. H. EDELKOORT, *De Prediking van het boek Daniël.* H. Veenman & Zoonen, Wageningen, 1947.

Hierdie bundel oordenkinge is 'n verwerking van 'n reeks preke wat deur die Utrechtse hoogleraar in 1939 in die Amsterdamse kerke uitgespreek is en in Mei 1940 kort voor die besetting van Nederland in druk verskyn het. Deur die besetting is die grootste gedeelte van die eerste oplaag verlore gegaan en die skrywer het in die na-oorlogse jare 'n nuwe bewerking versorg. Dit lê egter voor die hand dat die eerste en tweede uitgawe verskil. Wat in 1939 gevrees is het in die

vergange jare werklikheid geword en het by die skrywe van die nuwe boek ook weer tot die onmiddellike verlede behoort. In twaalf verskillende hoofstukke word die inhoud van die boek behandel op voortreflike wyse. Die skrywer toon aan dat die boek ons na twee uiteenliggende tye terugroep, die tyd van die ballingskap en die tyd van die regering van die koning Antiochus Epiphanes omstreeks 170 v.C. Die eerste ses hoofstukke gaan oor eersgenoemde tydvak, die ander oor die tyd van die onstaan van die boek Daniël. Tog het albei dit gemeen dat in altwee tydvakke 'n wêreldmag optree, wat almal en alles vir homself opgeëis het, en so kon in die preke die lyn deurgetrek word tot in ons eie tyd, en gewys word op die aktualiteit van die prediking van Daniël, so dat mens dikwels onder die lees gaan vra watter tyd die prediker in die oog gehad het. Besonder mooi kom in die oordenking uit die eskatologiese karakter van die boek. Die boek Daniël wil geen historie gee nie, maar wil dien as troosboek en vandaar sy waarde ook vir die Christelike prediking. Sonder eindverwagting kan die gelowiges van die Ou Testament dit nie uithou nie, nog veel minder die christelike gemeente. Die gemeente van Christus het 'n toekoms, en wanneer hy die toekomsverwagting oorlaat aan die sektes en buitekerklike strominge doen hy homself alleen skade aan en beroof homself van die so nodige troos.

Graag sou ons die boek in hande van baie gemeentelede sien. Wanneer mens begin lees kan jy moeilik ophou; dit boei al van die aanvang af. Dit dien tot prikkeling van die studie van die boek Daniël en dit dien tot troos vir menige bekommerde. Ons beveel dit sterk aan.

E. S. MULDER.